e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

10 Februarie 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 2

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@hnk.co.za**

VOORBLAD

God se belange en ons belange

In Johannes 18 antwoord Jesus op die vraag *Is jý die koning van die Jode?* deur te sê: *My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie* (Joh 18: 36).

So bevestig die Here Jesus wat sy hele lewe op aarde gedemonstreer het: Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Hy het nie gekom om sy eie belange te bevorder nie, maar sodat mense God se liefde kan sien en ervaar.

Deur die loop van die geskiedenis het die onderskeid tussen teologie en ideologie egter dikwels vervaag; het die grense tussen God se belange en mense se belange vloeibaar geraak. Telkens het dit daartoe gelei dat eenvoudige mense mislei is en magtige mense hul invloed kon uitbrei.

Daarom is dit ontstellend dat ons Staatspresident godsdienstige taal gebruik om die belange van die regerende politieke party te bevorder. Volgens mediaberigte het pres Jacob Zuma op Vrydag 4 Februarie by 'n politieke saamtrek in die Oos-Kaap gesê as jy vir die ANC stem, kies jy die hemel, maar as jy vir 'n ander party stem, kies jy vir die een *wat 'n vurk dra en mense kook*. 'n ANC-lidkaart gee blykbaar toegang tot die hemel, en die engele dra ANC-klere.

Die pogings van die ANC se segsman, mnr Jackson Mthembu, om Zuma se uitsprake te verdedig, oortuig niemand nie. Mthembu se kommentaar dat die ANC se uitstekende rekord slegs met die goedheid van die hemel vergelyk kan word, steek dwars in die krop van miljoene Suid-Afrikaners wat gefrustreerd is met oneffektiewe dienslewering op haas elke terrein. Sy opmerking dat ander partye jaloers is dat hulle nie self aan die uitdrukking gedink het nie, is aanstootlik.

Dieselfde geld vir die ANC se kapelaan-generaal, dr Vukile Mehana, wat aanvoer dat die President se woorde bloot beeldspraak was, aangesien *hemel teologies ook die teenwoordigheid van God kan beteken*. *Kiesers wat nie vir die ANC stem nie, mag dus teologies die geleentheid verbeur om die teenwoordigheid van God te ervaar*, sê Mehana in 'n amptelike verklaring op die ANC se webtuiste. Hierdie skreiende verklaring versag nie Zuma se uitspraak nie, maar maak dit inderdaad godslasterlik, soos die SA Raad van Kerke tereg in 'n amptelike verklaring sê.

Zuma se uitspraak wil die grense tussen groepsbelange en God se belange laat vervaag. Hy kolonialiseer die hemel. Hy matig hom aan om God se teenwoordigheid te beloof aan mense wat vir sy party stem, en om opponente met die duiwel af te dreig. Eerder as om toe te sien dat daar deur effektiewe dienslewering en die skep van infrastruktuur hoop kom vir die miljoene mense in nood.

Laat ons as gelowiges dan eerder daarop fokus om deur ons daaglikse werk, ons dienswerk in die Kerk en ons optrede elke dag die liefde van God 'n werklikheid te maak vir elkeen in nood. So volg ons in die voetspore van ons Here, Jesus Christus. So staan ons saam in diens.

Dr Wouter van Wyk

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Petrus Harmzen** van Hartbeesfontein/Gerdau (deeltyds) na Vryburg (volsorg)

Vakante standplase

- **Gemeente Eendracht**, in die ring van Trichardtsfontein, beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Die gemeente bestaan uit 266 belydende lidmate, met baie jongmense. Eendracht is 'n tipiese plattelandse gemeente in 'n sterk boerderygemeenskap. Die dorp is 110 km vanaf Pretoria en 25 km vanaf Secunda. Goeie skole is gerieflik beskikbaar. Predikante wat sou belangstel om 'n beroep na die gemeente te aanvaar, kan 'n CV stuur na die konsulent, dr Robert Jones, by **rjjones@nhk.co.za** (083 300 1764), die voorsitter van die ouderlingevergadering, oudl Johan Barnard, by **barnardj@secunda.co.za** (082 945 7563), of die skriba, Annatjie van Vuuren, by **annatjie@biowaymulti.co.za** (083 407 6474). Die sperdatum is **28 Februarie 2011**. Die kerkraad kan kandidate van hul keuse nooi vir 'n onderhoud en preekgeleentheid, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

- **Gemeente Secunda** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Dit is 'n tweede standplaas; die ander volsorgstandplaas is tans gevul. Secunda is 'n groot plattelandse dorp wat rondom die SASOL-aanleg gesentreer is. Die gemeente bestaan uit 1 127 lidmate, waarvan 890 belydende lidmate is. 39% is jonger as 30 jaar; 26% 30 tot 50 jaar; 27% 50 tot 65 jaar; 7% ouer as 65. Die gemeente beleef tans sterk groei in die eerste twee groeperings. Die bedieningsplan fokus op die bediening van kinders en jongmense. Voorkeur en vaardighede in hierdie bedieningsterrein sal tot voordeel van kandidate wees. Aansoeke moet die gemeente **voor 4 Maart 2011** bereik. Predikante en proponente kan 'n CV aan die skriba stuur by **secunda@nhk.co.za**. Die kerkraad sal die kandidate van hul keuse nooi vir 'n preekgeleentheid en onderhoud, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Kalla en mev Marita Fourie** van Gemeente Krugersdorp-Noord **se seun Jaco**, vroeg in sy dertigs, het op Maandag 7 Februarie 'n verlamming aan die een kant van sy liggaam ervaar. Hy is opgeneem in die hospitaal waar verskeie toetse gedoen is om vas te stel wat die oorsaak is. Hy sterk tans tuis aan en sal waarskynlik nog toetse moet deurloop omdat die presiese oorsake nog nie vasgestel kon word nie.

- Die Kerk se voorbidding word steeds vir **ds At Mc Donald** en sy vrou, Anna Marie, gevra. Hy sit moedig sy stryd teen die kanker voort. Hy is soms kragteloos en ervaar baie pyn. Sodra daar beterskap is, is hy met sy boerdery besig, al is dit vanuit sy bakkie. Sy voorbeeld van stry in die geloof en nooit moed verloor nie, is 'n voorbeeld in die Kerk.

- **Prof Ben Engelbrecht** ervaar ook dikwels slegte dae. Hy word soms flou en val. Ook by hom word telkens verneem dat dit die betrokke dag weer beter gaan en dat hy steeds besig bly met leeswerk en die skryf van artikels. Sy verstand is helder en hy kan steeds vir enigeen wat vra helder en duidelik leiding gee vanuit die Skrif. Die foto hierby is geneem op Sondag 5 Desember verlede jaar met sy 60-jaar-jubileumviering.

- **Mev Edna Minnaar,** weduwee van ds Albert Minnaar, het besluit om haar op Barberton te vestig. Haar kinders is nog in die huis en sy beklee 'n goeie betrekking. Lidmate van Barberton verleen steeds bystand aan mev Minnaar, en sy getuig ook van die bystand wat sy van die Kerk en kollegas van haar eggenoot ontvang het.

- Gemeente Wonderboom, familie en vriende van **prof Bart Oberholzer** het verlede Sondag, 6 Februarie, die geleentheid gedeel toe prof Bart die erediens gelei het ter herdenking van sy 60ste jaar in die amp. Prof Oberholzer het op sy kenmerkende manier die Woord verkondig en elkeen was daardeur aangegryp. Die Kerk dank die Heer dat prof Bart op sy ouderdom steeds die Woord op voortreflike wyse kan verkondig.

- **Ds Martyn Redelinghuys** het op Sondag 30 Januarie die erediens gelei in Gemeente Roedtan waar sy seun Thys predikant is. Oor die naweek het sy familie saamgekom om sy 80ste verjaardag te vier. Ds Frans Redelinghuys van Oos-Londen, nog 'n seun van ds Martyn, was ook teenwoordig. Die familie het 'n pragbundel met boodskappe saamgestel en aan ds Martyn oorhandig. 'n Boodskap van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) en boodskappe van sommige van ds Martyn se kollegas is ook daarin opgeneem. Hy preek nog gereeld en help tans

in Gemeente Vrede terwyl ds Antoinette van Zyl met langverlof is. Hy verdiep hom nog elke dag in die teologie en bly ook fisies aktief op die plaas waar hy by sy kinders woon.

- Gedurende Oktober 2010 het **ds Willie Roos**, 90 jaar oud, in die huwelik getree met **June Visser**, weduwee van ds Hennie Visser. Uiteindelik weet al ds Willie se vriende waarom hulle hom nooit kon oortuig om sy groot huis in Berglaan, Pretoria-Noord, te verruil vir 'n kleiner woonplek nie!

- **Gemeente Magaliesmoot** het op Sondag 6 Februarie ds David Barnard en sy vrou, Marisa, as hul nuwe predikantspaar ontvang. Ds Dries Beukes het die bevestiging waargeneem.

- **Dr Johan Steenkamp** van Gemeente Montana-Oos emeriteer aan die einde van Maart. Hy neem van die gemeente afskeid op Sondag 13 Maart. Dr Malan Storm, skriba van die Kommissie van die AKV, sal op sy versoek die akte van emeritaat aan dr Steenkamp oorhandig.

- **Die volgende predikante verjaar van 10 tot 18 Februarie**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 10 Februarie: Prof Schalk Botha (emeritus), di Dalene Lourens (Selcourt) en Jaco Vogel (Rooihuiskraal)
  - Vrydag 11 Februarie: Ds Marius Jansen van Vuren (Duncanville)
  - Saterdag 12 Februarie: Ds Pieter Viljoen (Alberton)
  - Maandag 14 Februarie: Di Larry van der Walt (beroepafwagtend), Eddie Vosloo (emeritus) en prof Piet Venter (UP)
  - Dinsdag 15 Februarie: Ds Johan Viljoen (Koornfontein)
  - Donderdag 17 Februarie: Ds Danie Struwig (Delmas)
  - Vrydag 18 Februarie: Ds Peet Esterhuizen (Wonderboom) en dr Piet van Staden (Stellenbosch/ Worcester)

- Hervormers wat belangstel in of belang het by die opleiding van ons predikante word vriendelik uitgenooi na die **Fakulteitsopening van die Fakulteit Teologie**, Universiteit van Pretoria, waartydens die Dekaan, prof Johan Buitendag, 'n akademiese wydingsdiens sal lei. Dit vind plaas op **Maandag 14 Februarie** van 08:30 tot 09:30 in die UP Kapel, Tukkiewerf, Hatfieldkampus, Duxburyweg. Bevestig asseblief **teen Vrydag 11 Februarie** by 012 420 2322 of **carla.aucamp@up.ac.za** indien u die geleentheid wil bywoon. Ligte verversings sal na afloop van die opening by die Ou Klubsaal (Burgundy's) bedien word.

- Die amptelike **opening van die Hervormde Teologiese Kollege** (HTK) vind plaas op **Woensdag 16 Februarie** van 10:00 tot 12:00 in die kerkgebou van Gemeente Philadelphia. **Dr Wim Dreyer** lewer die openingsrede met die tema *Hervormde Ekklesiologie? Nadenke oor kerkwees in die 21ste eeu.*

- Volgens die *Almanak* van 2011 is die **e-posadresse** van Gemeente Delareyville en Gemeente Warmbad dieselfde. **Delareyville** se adres is korrek op bladsy 54, naamlik **nhkerk@lantic.net**. **Warmbad** s'n op bladsy 73 is foutief – dit moet **nhkerkwb@lantic.net** wees.

- Aansoeke word ingewag vir die pos van **Sekretaris van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering** (ADV). Die persoon is gesetel by die Sinodale Kantoor van die Hervormde Kerk in Pretoria. Die suksesvolle kandidaat sal oor die volgende vaardighede beskik:

  - Meelewende lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Teologiese begronding of agtergrond van die etos van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Ongeveer 5 jaar werkservaring.
  - Geldige rybewys.
  - Moet bereid wees om soms weg te werk, byvoorbeeld vir seminare, kongresse en vergaderings.
  - Moet ten volle tweetalig wees.
  - Moet met regeringsinstansies kan onderhandel.
  - Rekenaarvaardigheid in Microsoft Office.
  - Bewese bestuursvaardighede.

  'n Mededingende salarispakket word aangebied.

  Stuur asseblief 'n verkorte CV **voor 28 Februarie** aan Piet Beukes by **piet@nhk.co.za** of aan Susan Moore by **mannekrag@nhk.co.za**, of faks dit na 012 322 7909.

- Die **Raad vir Pastoraat en Presbiteraat** het op 3 Februarie vergader. **Dr Hennie van Deventer** is as voorsitter verkies, **ds Heloïse Herbst** as sekretaris en **ds Jan Kramer** as ondervoorsitter. Die Raad het met groot entoesiasme besluit om, tydens sy termyn van drie jaar, binne die raamwerk van sy opdrag aandag te gee aan die pastorale versorging

van gemeentes; die doeltreffende ampsbediening van predikante en ouderlinge in gemeentes; en die omsien na die belange en pastorale behoeftes van diensdoende predikante, emeriti en beroepafwagtende predikante. Binne hierdie raamwerk val al die sake wat deur die Kommissie van die AKV na die Raad verwys word asook sake wat deur die Raad self geïdentifiseer word of wat deur ampsdraers en lidmate versoek word. Die Raad spreek ook sy ernstige begeerte uit om aan die teologiese gesprek in die Kerk deel te neem.

- Die **NHSV Hoofbestuur** sê weer eens baie dankie aan gemeentes vir die ruim bydraes met die deurkollektes van Februarie 2010. As gevolg van die gemeentes se goedhartigheid kon die Hoofbestuur met die afgelope Beurs- en Leningsvergadering meer as R400 000 toestaan vir beurse en lenings aan 81 Hervormde studente. Die deurkollektes van eerskomende Sondag, **13 Februarie**, word aan die NHSV toegestaan. Vanjaar sal die fondse uitsluitlik vir beurse en lenings vir 2012 aangewend word.

- Die **Eendrachtkring se vrugtefees** is op **Donderdag 24 Februarie** om 09:30 vir 10:00 in die kerksaal van Gemeente Pretoria-Oos, Delyweg 100. Persone wat nog nie bespreek het nie, moet asseblief **teen 18 Februarie** met Hendrina Swart by 012 654 9766 of 083 722 3653, of Johanna Steyn by 012 348 2932 of 082 749 3071, in verbinding tree.

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan nog **tot April** vanjaar by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op ’n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

- In die voetspore van die eerste Christene: **Toer na Egipte en Turkye** van **18 April tot 2 Mei 2011** onder leiding van **ds Martin Slabbert**. Besoek die webwerf by **www.indievoetspore.co.za**, of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.

- **Toer na Griekeland (hoofland) en Turkye** en geniet ’n 3-dae-bootvaart na die Griekse eilande. Van **28 Junie tot 12 Julie 2011**. ’n Demo-film sal van die reis gemaak word vir ’n moontlike televisiereeks. Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**. Besprekings moet verkieslik voor die einde van Februarie gedoen word.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- Op **Sondag 13 Maart** bring **ds Jan-Harm Barkhuizen** van die Werkgroep vir Gestremdes ’n besoek aan **Gemeente Sasolburg**. ’n **Erediens in gebaretaal** word aangebied met visuele hulpmiddels (gebare en ’n DVD van die Liedboek). Kontak Bernette van Straaten by 016 976 4903 of 082 445 6732. Die erediens begin om 09:00. Ds Barkhuizen is predikant in Gemeente Weskus, en kan gekontak word by 073 217 6929 of **harm@nhk.co.za**.

- Die naweek van **15 tot 17 April** vier **Gemeente Volksrust** sy **150ste bestaansjaar**. Op **Vrydag 15 April** word van 16:00 af Feesbasaar gehou. Op **Saterdag 16 April** word van 17:00 af ’n boom geplant, die gedenkmuur en gedenkplaat onthul, en ’n Voorbereidingsdiens gehou. Om 20:00 is daar ’n formele ete, met groeteboodskappe van die gemeenskap, skole en ander kerke. Bybels, sertifikate en die Feesbundel sal dan oorhandig word. Tydens die Nagmaaldiens wat om 09:30 op **Sondag 17 April** begin, word groeteboodskappe van die AKV en die ring oorgedra. Om 11:30 begin die Dankseggingsdiens, en daarna is daar ’n vingerete.

Konserte

- **Saterdag 19 Februarie: Gemeente Bothaville: Lapafees**
  Met Rudi en Corlea
  Kontak Doutie by 056 515 2673

- **Saterdag 12 Maart om 19:00: Gemeente Johannesburg-Wes**
  Orreluitvoering
  Op 3-manuaal Ganser-orrel met 1 400 sprekende pype
  Orrelis Marten van Wyk en soliste
  R50 vir volwassenes, kinders onder 10 gratis
  Kerkgebou naby Westdene-dam, in Tenbystraat, agter stadion van UJ
  Verversings na die uitvoering
  Skakel Paul Bester by 083 241 5002

- **Saterdag 19 Maart om 13:00: Gemeente Noordrand**
  Gasspreker en kunstenaar Susan Coetzer en Philip Moolman

Tema: *Soetgoed vir die gesin*
Kaartjies R70 per persoon (sluit verversings in)
Kontak Anette Coetzee van die NHSV by 084 500 3989

- **Woensdag 30 Maart om 19:00: Gemeente Klerksdorp**
  Juanita du Plessis
  In die Ouditorium
  Kaartjies R90 per persoon
  Bespreek by Music Addiction in Flamwood Walk (018 464 2280)

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies: Kurt Darren**
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 19 Maart: Gemeente Mafeking**
  Leopard Park-gholfklub
  Neem deel en wen ’n prys
  Borge baie welkom
  Kontak Pokkels Ackerman by 082 555 0683 of **sheriffmolopo@hotmail.com**

Ander kompetisies

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Wen ’n boerdery**
  Gemeentes koop pakket(te) teen R5 000 elk (50 boekies met 11 kaartjies)
  Verkoop kaartjies teen R100 stuk en samel R50 000 in
  Groot pryse te wen
  Sluitingsdatum **4 April**, trekking **8 Mei**
  Kontak Barry of Martie Pretorius by 018 431 0331 of 082 572 2124
  of Piet of Babsie Ferreira by 018 431 0685
  of ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Saterdag 7 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Goewermentstraat 31, Delareyville
  Met Bobby van Jaarsveld
  Toegang gratis
  Kompetisie R100 per kaartjie
  1ste prys bul en 10 topverse; 2de prys 5 topverse; 3de prys bootvaart na Portugese Eilande
  Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden en Steve Hofmeyr
  Gratis vertoning, meer as genoeg kos
  Jy kan dit nie misloop nie!
  Kontak 012 253 0146 (08:00 tot 13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  1ste prys: 7-voet Venter-waentjie
  2de prys: Dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie
  3de prys: Patio-gasbraaier
  4de prys: Sony Playstation 3
  5de prys: Potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367
  of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

ANDER NUUS

- Die begrafnis van **Wilma Franse** vind plaas op **Saterdag 12 Februarie** op Kakamas in die Noord-Kaap. Die diens begin om 08:00. Wilma sou vanjaar 'n finalejaarstudent van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) gewees het.

- Gedurende April vanjaar vier ***Konteks*** **sy 21ste verjaardag**. 'n Pragbylae sal in die April 2011-uitgawe verskyn, met artikels van talle van die oorspronklike medewerkers. Gemeentes, kerkrade, lidmate en ander lesers word genooi om **voor 14 Februarie** gelukwensingsboodskappe van uiters 75 woorde te stuur aan die redakteur, dr Wian Kloppers, by **konteks@nhk.co.za**. Die boodskappe sal sover moontlik in die betrokke bylae gepubliseer word.

- Dr Gustav Claasen, sameroeper van die Tussenkerklike Raad se werkgroep vir opvoeding en onderwys, versoek kerke om deel te neem aan die **Biddag vir Onderwys en Opleiding** eerskomende **Sondag, 13 Februarie**. Naas die val in standaarde, wat 'n kopseer by universiteite veroorsaak, maak die huidige onderwysstelsel nie 'n verskil aan die toenemende aantal werklose jongmense nie. Daar is tans 'n werkloosheidsyfer van 25% onder blankes en waarskynlik meer as 40% by swart jongmense. Die gehalte van onderwys skep oneindig probleme vir die arbeidsmark en bepaal die mededingende vermoë van ons land op die internasionale mark. Dit het weer 'n invloed op ons ekonomiese groeikoers. Dit het 'n domino-effek wat op elke vlak van ons samelewing invloed het. **Lidmate word aangemoedig** om fisies by skole betrokke te raak en 'n verskil te probeer maak. Daarby kan **voorbidding** gedoen word vir die volgende sake: die ministers van onderwys; plaaslike onderwysstrukture; dankbaarheid vir uitstekende skoolhoofde en onderwysers, dosente, ouers en leerders; plaaslike skole, skoolhoofde, beheerliggame, onderwysers, ouers en leerders; die rol van organisasies soos SAOU en Fedsas om gehalte-onderrig te verseker; 'n fokus vir eie betrokkenheid; werklose jongmense.

- Heelwat lidmate vestig hulle permanent of vir korter periodes êrens **in Afrika**. Hierdie lidmate het gewoonlik 'n behoefte aan bediening en probeer om bande met die kerk hier plaaslik te behou. Heelwat plaaslike gemeentes het dan verbintenisse met hierdie lidmate wat hulself soms groepeer en op 'n manier 'n bediening probeer struktureer. Die **Kommissie vir Buitelandse Bediening** van die NG Kerk, Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke ontvang gereeld versoeke vir hulp van die een of ander aard van dié *gemeentetjies*. Lidmate wat by 'n bedieningspunt in die buiteland wil inskakel, vra ook kontakinligting aan oor moontlike inskakeling. Die Kommissie vir Buitelandse Bediening wil help om beter struktuur te gee aan hierdie bediening. Gemeentes wat betrokke is by lidmate in Afrika word vriendelik versoek om die volgende inligting aan die Kommissie vir Buitelandse Bediening te voorsien: die naam van die plaaslike NG gemeente en die kontakpersoon; kontakinligting (adres, e-pos, selnommer, ander inligting) van die persoon/groep in 'n bepaalde Afrikaland; inligting rondom die betrokkenheid/aard van die bedieningshulp (byvoorbeeld geldelik, stuur van predikante, projekte, ensovoorts). Gee asseblief hierdie inligting **teen Maandag 21 Februarie** deur aan Malinda Lazenby by **malindal@ngkerk.org.za** met die oog op die vergadering van die Kommissie vir Buitelandse Bediening op 25 Februarie. Vir meer inligting kan geskakel word met Gustav Claassen by **gustavcl@mweb.co.za** of 082 856 1943, of Hannes Knoetze by **hddth@vodamail.co.za** of 082 873 9122.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 19 Februarie plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 11 Februarie: Taakspan; Diakenstoerusting
  - Saterdag 12 Februarie: Komitee vir Ouderlinge
  - Maandag 14 Februarie: Raad vir SENTIK; Redaksies van die *Almanak* en *Bybelse Dagboek*; Raad vir Regsadvies
  - Dinsdag 15 Februarie: Direksie van die Ondersteuningsraad; Finkom van die Ondersteuningsraad
  - Woensdag 16 Februarie: Komitee vir die Argief, Museum en Biblioteek
  - Donderdag 17 Februarie: Raad vir Apostolaat
  - Vrydag 18 Februarie: Moderamen
  - Saterdag 19 Februarie: Kommissie van die ADV; NHSV Hoofbestuur

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

"Dit blyk uit berigte in die *e-Hervormer* dat die apartheidsaak groot prominensie op die jongste AKV geniet het. Intussen stry en baklei hoofsaaklik die predikante en kerkraadslede hewig voort tot nadeel van die Kerk in die breë, en dit terwyl 'n verlies van duisende lidmate uit die Kerk gedurende die afgelope twee dekades die AKV-gangers min geskeel het." *(Brief verkort)*

HJ Bester, Namibië

"In die *e-Hervormer* van 20 Januarie berig dr Daan van Wyk dat ...*'n broederlike gesprek tussen die Moderamen en die komitee wat die leiers van die beswaardes verteenwoordig, plaasgevind* het. Dit is nie korrek nie. Die persone wat die gesprek bygewoon het, is nie 'n komitee wat die leiers van die beswaardes verteenwoordig nie. Dit is ook nie leiers nie. Die persone is die komitee wat deur die beswaardes verkies is om hulle te verteenwoordig."

Dr MA Botma, sekretaris: Komitee van Beswaardes oor Besluit 54

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

EDDIE DAVEY FEESTELIKE MUSIEKKONSERTE EN MUSIKANTE
Kerke, kapelle, sale, tuine, trouvenues landwyd
Eddie Davey (*Musikante vir Alle Geleenthede*)
Populêre klassieke musiekuitvoerings, feeskonserte, feestelike eredienste, Lofsing-die-Here-uitvoerings (ook publieke samesang), fondsinsamelingskonserte en eiekeusegeleenthede
Ook gepaste musiek vir troues (tydens kerkseremonie, fotosessie/sjerrie, ete, dans), onthale, jaareindfunksies, eiekeusegeleenthede
Lig-klassieke musiek en strelende romantiese agtergrondmusiek tydens onthale, asook lewendige dansmusiek uit alle styltydperke
Eddie Davey (orrel, clavinova/klawerbord, trekklavier) en ander musikante (trompette, strykers, harp, saksofoon, trekklavier, dansorkeste, DJ's, ens)
Kontak Eddie Davey by 083 442 5933 of **eddie@mountfestivalodge.co.za**
www.musicafestiva.co.za

AGTERBLAD

Ons eie gesinstydskrif

Die Maart 2011-uitgawe van *Konteks* is tans by die drukkers en sal oor 'n week aan gemeentes gestuur word.

Wanneer die donker wolke van die naderende dood ons lewens bedreig en ons gemoed verdonker, lê die Ankertou van ons redding reeds gereed. Dit is die metafoor op die voorblad wat iets van die Lydenstyd se boodskap van hoop en redding verkondig.

Prof Natie van Wyk skryf oor die eerste Sondag van die Lydenstyd, wat vanjaar op 13 Maart val, asook oor Palmsondag, die laaste Sondag van die Lydenstyd, wat op 17 April val.

Dr Elsabé Kloppers gee 'n perspektief oor geloof in lyding. Mense sien dikwels net hul eie lyding raak. So verwyt mense ander dat hulle 'maklik' kan glo, sonder om te besef watter lyding hulle al deurgemaak het of steeds deurmaak. Daarteenoor is daar mense wat hul lyding in stilte dra, wat bly glo, en wat ander in hul lyding ondersteun.

Lees ook oor die kantoorkomitees van die Ondersteuningsraad, nuwe toerustingsmateriaal vir gemeentes, die groot familie van die Eendrachtkring, en die bedrywighede van die gemeentes van ons Kerk.

*** Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za** om vir 2011 in te teken en 10 uitgawes vir R130 te ontvang. Besoek **www.konteks.co.za** en lees wat in die nuutste beskikbare uitgawe verskyn.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx